## Die Meester en die nege verdrinkte mense

**3** Daarna gaan ons gou na die nege verdrinkte mense en Ek laat hulle met die gesigte na bo en die hoofde bergopwaarts neerlê. Nadat hulle so neergelê was, sê Ek vir Markus: "Gee elkeen van hulle `n paar druppels wyn in die mond!" Dit gaan maklik omdat almal met hulle monde oop lê. Terwyl dit gedoen word, sê Ek vir alle aanwesiges: "Laat elkeen wat nou nog twyfel, eers self kontroleer of al nege wel heeltemal dood is!"

[2] Onder die dertig bekeerde fariseërs is daar ook `n dokter, wat die kennis gehad het of `n liggaam heeltemal dood was of nie. Hy tree nader en sê: "Ek kom nie na vore omdat ek ook maar die geringste twyfel het aan die dood van hierdie verdrinkte mense nie maar om, as `n kundige, julle deur my ondersoek die oortuigende bewys te gee dat hierdie nege heeltemal dood is." Toe betas hy die nege, kyk na hulle oë en na die Hippokratiese neuse, wat `n vaste teken van die volledige dood en die algehele uitblus van alle fisiese lewensgeeste is.

[3] Na `n nougesette ondersoek spreek die dokter hardop sy oordeel uit, daarin gesteun deur die ooreenkomstige getuienis van almal wat sy bevinding korrek en geldig en waar bevind, en hy voeg nog daaraan toe: "Nie nou nie, maar reeds gister, `n uur nadat hulle in die water omgekom het, was hulle al net so volkome dood as wat hulle nou is! Te oordeel aan die neuse en die geur het die ontbinding alreeds ingetree. Geen menslike kennis, krag en mag roep hierdie nege mense weer in die lewe terug nie! Dit kan maar net Hy alleen doen wat op die jongste dag alle dooies uit die grafte weer in die lewe sal terugroep!"

[4] Ek sê: "Sodat julle egter na hierdie korrekte diagnose van die dokter heel duidelik die Glansrykheid van die Vader in die Menseseun sal herken, roep Ek nou hardop tot die Vader en sê: 'Vader, verheerlik U Naam!'"

[5] Toe hoor baie van hulle`n Stem, wat klink soos die rol van talle donderslae: "Ek het hulle deur Jou, My geliefde Seun, verheerlik, want Jy is die Een, aan wie Ek `n ware welbehae het! Na Jou moet die mense luister!"

[6] Baie hoor hierdie woorde, maar talle ander hoor slegs die donder en begin te vra of dit nou gedonder het. Maar hulle, wat die donderende woorde gehoor het, vertel wat hulle gehoor het en die ander verbaas hulle daaroor en sê: "Dit is vreemd! Ons het net die swaar donder gehoor, - maar as julle almal dieselfde woorde gehoor het, glo ons asof ons dit self gehoor het. Maar tog blyk dit daaruit dat hierdie meester hier eintlik slegs die seun is en nie die gewyde, almagtige Vader nie, wat in die hemel woon en wat geen mens ooit kan sien nie, maar wat slegs op gewyde oomblikke kan spreek. Op die wyse was Moses ook `n seun van die Allerhoogste, omdat hy ook uitsonderlik groot tekens gedoen het, en die ander profete was dit ook in gelyke mate. Hierdie Nasarener sou wel die grootste van alle profete kon wees omdat hy die grootste en meeste tekens doen".

[7] Murel, wat noulettend geluister het, sê: "Nee, nou het julle dit mis; dit getuig nog van julle groot onbegrip! Wie het vóór Moses deur die Gees van JaHWeH `n Moses aangekondig, wie `n EliJaH, wie `n Samuel, wie die vier groot profete? Elohim roep hulle soos by toeval en hulle profeteer dan! En oor wie profeteer hulle die meeste? Juis oor Hom wat nou hier by ons staan! Die Stem wat nou as `n enorme donder te hoor was, was net so goed as die van Hom, soos dit uit Sy liggaamlike mond vir ons spreek! Die verskil bestaan slegs daarin dat Hy met Sy liggaamlike mond as mens met ons praat, terwyl Hy Hom in die donder laat hoor het as die Een wat ewig was, is, en sal wees, - wat al die bestaande geskape het en wat op Sinai aan die volk die wette gegee het onder voortdurende bliksem en donder. Daarom is dit vir Hom alles moontlik; ook, dat Hy uit die hoogste liefde vir ons, Sy kinders, `n mens kon word soos wat ons is, omdat Hy andersins deur Sy kinders, wat Hy bo alles liefhet, nimmer gesien en herken sou kon word nie!"

## Voorbereiding vir die opwekking

**4** Daarop gaan Ek by Murel staan en sê: "My seun, dit was goed van jou! Jy het werklik al baie ver tot by die kern van die waarheid deurgedring en jy het hulle wat `n verkeerde beeld gehad het, die volle waarheid vertel. Daarom sal jy `n gedugte werktuig vir My teen die Judeërs en heidene word; en in die hemel sal jy geen geringe loon daarvoor kry nie!

[2] Maar laat ons nou oorgaan tot dit wat Ek vir julle wil doen om aan elkeen van julle duidelik te maak dat alleen Ek waarlik die Een is wat sou kom volgens die voorspellings van alle profete tot en met Simeon, Anna, Sagaria, en Johannes wat deur Herodus onthoof was! Kyk, hierdie nege sal almal volkome lewend word en na hulle huise en hulle familie gaan! Sodra hulle heeltemal versterk sal ontwaak, mag julle hulle egter nie ophou nie, maar julle moet hulle dadelik laat gaan. En eers wanneer Ek hierdie omgewing verlaat het, kan iemand van julle hulle uiteindelik vertel wat daar hier met hulle gebeur het!"

[3] Toe Ek dit gesê het, sê Ek vir Markus: "Wel, giet hulle nogmaals wyn in die mond!"

[4] Markus doen dit; maar Cyrenius en Cornelius vra My waarom daar by die verdrinkte mense, voordat hulle lewend gemaak word, wyn in die mond gegiet moes word.

[5] Ek sê: "Vir die lewend maak van hierdie nege is dit

sekerlik nie nodig nie; maar omdat hulle dadelik daarna van hier af sal weggaan, moet hulle liggaamlik ook op krag kom en dit sal gebeur deur hulle eers wyn in die mond te giet. Dit word deur die smaak- en tongsenuwee opgeneem en so ook deurgegee aan die ander lewensenuwees. As hierdie nege dan lewend word, het hulle in die liggaam teruggekeerde siel reeds `n versterkte werktuig wat hulle dadelik vir alles kan gebruik. Sou hierdie voorafgaande versterking egter nagelaat word, dan sou die opnuut lewend gemaakte mense `n langer tyd hier moes bly om krag te kry vir die gebruik van hulle ledemate. Tewens sorg hierdie voorafgaande versterking by die betrokkenes vir `n goeie smaak in die mond, wat wel nodig is, omdat die geur van die troebel water na die opwekking vir hulle so onsmaaklik sou wees dat hulle nog `n lang tyd daarvan las sou kon hê. - Nou weet julle dit ook; het julle nou nog een of ander wens met betrekking tot hierdie aangeleentheid?"

[6] Cornelius sê: "Nee, nie juis nie, Meester, maar die gedagte het net by my opgekom waarom U as die Almagtige, wat deur Sy wil alles kan vermag, Hom so nou en dan tog van heel natuurlike middele gebruik maak om `n doel te bereik!"

[7] Ek sê: "En waarom nie?! Is die natuurlike middel dan ook nie `n gevolg van My wil nie, - soos wat die wyn byvoorbeeld uit die kelder van Markus is? Alleen deur My is sy leë sakke en ander vate tog baie wonderbaarlik met wyn gevul?! As Ek My dus van `n natuurlik middel laat bedien, is dit geen geringer wonder as wanneer Ek My van geen natuurlik middel, maar slegs van My wil laat bedien! - Verstaan julle dit nou?"

[8] Cornelius en Cyrenius sê: "Ja, nou verstaan ons dit ook. Ons verheug ons al in die lewendmaking van die nege verdrinkte mense! Gaan dit nou baie gou gebeur?"

[9] Ek sê: "Wees nog ietwat geduldig totdat hy nog vir die derde maal wyn in die mond gegiet het, waarna die opnuut lewend gemaaktes voldoende reserwekrag sal hê!"

[10] Daarmee is alle nuuskierigheid bevredig en Markus giet die nege op My bevel vir die derde maal wyn in die mond.

[11] Vervolgens sê Ek vir die talle omstanders: "Die werk is nou ook klaar! Laat ons hierdie plek nou verlaat en aan die tafels gaan sit waarop `n goed voorbereide oggendete reeds op ons wag! Want as ons hier sou bly, sou ons die opnuut ontwaaktes meer in die war bring en hulle sou dink dat daar iets buitengewoon met hulle aan die gang was. As hulle egter niemand in hulle omgewing sien nie, sal dit vir hulle voorkom asof hulle deur die storm van gister heeltemal verdoof en uitgeput op hierdie heuwel geslaap en nou gedurende die oggend van die volgende dag na die sabbat van gister weer uit die diepe slaap ontwaak het! Dan sal hulle, sonder dat ons bekommerd word, rustig opstaan en na hulle huise gaan, waar hulle natuurlik met buitengewone blydskap ontvang en versterk sal word."